CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXVI | NOMMER 4 | 29 FEBRUARIE 1980

# Sentrum is fokuspunt

deur Jeanne Fourie

**MNR. STEFAN PRETORIUS, Karnavalvoorsitter vir 1980 het in 'n onderhoud met Die Wapad die doel van Karnaval as fondsinsameling vir welsynsorganisasies, ontspanning en die uitdra van die PU se naam gestel.**

Hy het gesê die Hennie Bingle-Studentesentrum is vanjaar die fokuspunt van Karnaval. Dit maak Karnaval 1980 anders as dié van vorige jare. Daar sal gepoog word om al die fasiliteite van die sentrum by die aktiwiteite te betrek.

Hy het verwys na aksies soos die optrede van die SAUK-simfonie-orkes in die ouditorium, die trapkarwedren wat deur die sentrum loop, binnenshuise spele en die orkeskompetisie wat in die amfiteater gehou word as hoogtepunte van die week.

Die motorfietstydren is ook 'n nuwe punt op die agenda en sal op die Fanie du Toit-Sportterrein plaasvind. Dit sal 'n informele vorm aanneem en baie lyk op die tradisionele boeresport met items soos 'n naald en gare wedren. Die Mooirivierspele word nou vervang deur die binnenshuisespele.

"Vroeër was die Kaap-na-Rio maar iets kleins, nou is dit die hoofaksie van die Vrydag van Karnaval," het mnr. Pretorius gesê. Die vlotbouery geskied by die dam en daar sal ook punte toegeken word aan die koshuis wat die vinnigste kan bou.

Mnr. Pretorius het gesê dat daar in samewerking met Liber Factus pogings aangewend word om dranklmisbruik te bekamp. Hy het ook gesê dat die biertuin vanjaar bykans twee maal langer as in die verlede sal bier verkoop.

Oor die samewerking wat die Karnavalkomitee gehad het, het hy gesê, "Ek is baie bly oor die samewerking van die HK's — die beste in jare."

Mnr. Pretorius het ook sy tevredenheid oor die bydrae



*Mnr. Stephen Pretorius, voorsitter van die Karnavalkomitee.*

wat die eerstejaars gelewer het, uitgespreek. "Die Pukkie-verkope was goed en die kollektelysinsameling was fantasties. Daar is R34 000 ingesamel teenoor die R25 000 van verlede jaar."

Hy het die hoop uitgespreek dat elke Puk Karnaval 1980 sal geniet en die beste daarvan sal maak.

## Raadsvoorsitters word betaal, maar . . .

# Kommissie gaan weer kyk

**OP die SSR-vergadering van 20 Februarie is die verslag van die kommissie van ondersoek na die vergoeding van raadsvoorsitters bespreek.**

*Dit is al die derde kommissie van ondersoek na die saak. Mnr. Piet Fourie, SSR-lid, was die voorsitter van die kommissie.*

Die kommissie het aanbeveel dat raadsvoorsitters wel 'n honorarium moet ontvang. Die primêre motivering hiervoor was die verantwoordelikheid van die voorsitters, die hoeveelheid werk wat hulle verrig en persoonlike verliese wat hulle in hulle termyn ly.

Baie van die SSR-lede het egter gemeen dat die voorsitters nie dieselfde verantwoordelikheid as SSR-lede het nie en dus nie oor dieselfde kam geskeer moet word nie. Mnr. Jan Botha het gemeen dat die lyn iewers getrek moet word. So kan daar nie honoraria aan raadsvoorsitters betaal word en persone soos die karnavalvoorsitter en die redakteur van Die Wapad oor die hoof gesien word nie. Laasgenoemde twee persone werk net so hard soos raadsvoorsitters en dra net soveel verantwoordelikheid.

Die SSR het besluit dat die saak weereens aan 'n kommissie opgedra moes word en dat 'n finale besluit daarná geneem móét word. Die kommissie bestaan uit mnre. Piet Fourie, Jan Botha, Frikkie van Niekerk en Herman Maartens.

# Karnaval toon reuse wins

**DIE KARNAVALKOMITEE vir 1980 toon tot dusver 'n wins van R34 200,00. En dit terwyl die eintlike karnaval nog nie eens begin het nie.**

Karnaval '80 word vanjaar deur dié wet as 'n fondsinsamelingsorganisasie erken.

Die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) is vanjaar die grootste borg van die Karnavalkomitee. SAB het R3 000 direk aan SGD geskenk en daarmee 'n verdere bedrag van R1 000 aan die Karnavalkomitee wat hulle kan gebruik om onkostes te dek.

Trust Bank het R1 000 vir die openingsaand geskenk. Pat's Haroldt het 'n Golf teen kosprys aan die Karnavalkomitee verkoop.

Intussen borg Standard- en Volkskasbank elkeen 'n vlot.

'n Totale bedrag van R1 000 is deur verskillende maatskappye geskenk. Barclays Bank het saam met CNA R100 gegee.

Die Rembrandt-groep het R500,00 gegee en dit word gebruik om 'n perskonferensie te betaal. Distillers Maatskappy verskaf die wyn by dié geleentheid.

# "Mikrofoon" op PU

**STUDENTESENTRUM — Een van die interessante trekpleisters vir Karnaval '80 is Leon Schuster, van die SAUK, wat die organiseerders van ons jaarlikse fees altesaam R400,00 gaan kos.**

Paul Eylers, nog 'n man van die SAUK, kos die Karnavalkomitee gelukkig baie minder en hy tree twee aande op oor Radio Puk.

Mnr. Eylers is egter nie meer by die SAUK nie. Hy is nou 'n vryskutjoernalis.

Leon Schuster is bekend vir sy program "Vrypostige Mikrofoon" en Paul Eylers het al nuusgelees en opgetree in Fanus Rautenbach se "Afrikaners is Plesierig".

Daar is nie net één hoogtepunt in Karnaval '80 nie elke item gaan propvol aksie wees.

Selfs die opening van die studentesentrum — openings is mos maar nie té gewild nie — is 'n trotse en uitstaande baken in die groei van die PU. Dit gaan die moeite werd wees — vir elke student en dosent — om hierdie trotse geleentheid by te woon.

Ds. A.A. Venter, voorsitter van die Universiteitsraad, gaan die opening met skriflesing en gebed open. Prof. Tjaart van der Walt, die rektor, doen die verwelkoming en kondig die naam van die Sentrum aan. Nádat prof. H.J.J. Bingle, voormalige rektor van die PU, sy openingstoespraak gelewer het, begin die simfoniekonsert deur die Nasionale Simfonie-orkes van die SAUK met die baie bekende Anton Hartman as dirigent.

Pieter de Villiers, wat met die ingebruikneming van die Totiussaal in 1954 die klavierkonsert nr. 3 deur Beethoven uitgevoer het, gaan dit weer met die opening van die Studentesentrum doen.



*Sonja Heroldt en Anton Goosen het verlede Vrydag, 15 Februarie, in die ouditorium opgetree. Hier ontspan die twee kunstenaars voor die studentesentrum voor die aand se vertoning. (Foto: Alwyn van der Linde)*

# Breyten "vorm" Anton

deur Johan Myburg

HOE tipeer mens iemand soos Anton Goosen — hoe tipeer jy die musiek wat hy sing?

'n Mens kan sê hy is 'n skrywer en sanger wat betrokke lewe, wat skryf en sing van mense en dinge om hom — direk om hom. Dit is moontlik die rede waarom sy musiek so gewild is: omdat elke mens iets van homself of van sy omgewing (die samelewing) in dié liedjies kan terugvind — hetsy Minuet in G, hetsy 'n Tretchikoff . . .

"As ek nie betrokke kon skryf en sing nie, (hierdie begrippe loop vir Anton Goosen hand aan hand) sou ek glad nie wou skryf nie." Dit is duidelik dat die Sestigers hom daadwerklik aan die dink gesit het — miskien onbewustelik, miskien bewustelik beïnvloed het. Die verse van Breyten Breytenbach het ook 'n groot deel in die "vorming" van Anton Goosen gehad.

Om self te skryf is vir Anton Goosen belangrik — om self liriek en musiek sáám te skep. Hy toonset nie poësie nie maar bedink en bou self aan sy lirieke.

Hy erken dat mens nie altyd sal kan aanhou sing nie. As hy nie meer sing en konserte sou gee nie, sal hy nog steeds bly skryf.

Die musiek van Anton Goosen is sterk visueel ingestel. Die liedjies dra sterk en vars beelde — dikwels is dit aangebied in satiriese vorm. Die gevolg is dat die luisteraar homself (onwetend) in die oë kan kyk en vir homself (steeds onwetend) en sy omgewing kan lag. Miskien is dit die satire wat ons ou volkie so broodnodig het.



# Gehoor bemors Ouditorium

*So het studente Vrydagaand, 15 Februarie, die Ouditorium tydens Sonja en Anton se optrede bemors. Die kol op die foto bo dui die stuk kougom aan wat op die sitplek vasgedruk was.*

**DIE owerhede van die Ouditorium het hulle skok en teleurstelling uitgespreek oor die gedrag van die gehoor tydens die opvoering van Anton Goosen en Sonja Herholdt Vrydagaand, 15 Februarie 1980.**

Die Ouditorium, die trots van die PU, het deurgeloop onder vandale en na die opvoering het daar 'n berg koeldrankblikke en -glasies en ander vullis in die Ouditorium gestrooi gelê. Ondanks die feit dat daar vooraf gevra is dat geen verversings in die Ouditorium ingeneem mag word nie. Kougom is onder stoele vasgeplak, en ook in die matte ingetrap en die verbod op rook is ook verontagsaam. Strenger maatreëls sal getref word om sulke optrede in die toekoms te verhoed, het 'n woordvoerder van die SS Maandag gesê.

## Hulp verlang

Die kafeteria in die Studentesentrum benodig studentehulp tydens etenstye. Die vergoeding is R1,75 per uur. Die studente sal hoofsaaklik gemoeid wees met die opstel en vereffening van rekeninge, asook die inbetaling van geld. Belangstellendes moet mnr. Momberg by die kafeteria kontak.

## Aktueel

Aktueel se derdejaarskamp se datum is verskuif. Dit vind nie meer op 27 Maart plaas soos dit in die sakboekie verskyn nie, maar wel die naweek van 1 tot 3 Augustus. Verdere reëlings sal later bekend gemaak word. Die kamp word by die Servaas van Niekerk-kampterrein gehou.

## Besembos

DIE Besembos van 1979 het uiteindelik op die kampus verskyn en is by die inligtingsgat teen R4,00 beskikbaar. Die lang wag was die moeite werd, want die Besembos van 1979 is iets wat op elke Puk se boekrak 'n versiering sal wees.

# SGD soek studentehulp

**NA 'n besoek van SGD aan die E S le Grange skool, blyk dit dat daar 'n geweldige vraag na studentehulp is.**

Uit gesprekke met mev. Bekker, hoof van die skool, is afgelei dat die algemene publiek nie altyd bewus is van die funksionering van so 'n skool nie, en ook die tekort wat hulle aan personeel het.

Die kinders is tussen die ouderdomme van drie en agtien jaar. Studente word veral benodig vir afloswerk, en om die personeel te assisteer. Daar is ook 'n tekort aan persone wat kan help met organisatoriese groepwerk en begeleiding van uitstappies.

Volgens die hoof is daar veral 'n tekort aan koshuispersoneel en persone wat kan help met katkisasiewerk en algemene godsdiens oefening.

Daar is ook 'n dringende tekort aan personeel by die Amelia werkswinkel. Persone werksaam in hierdie werkswinkel is na-skoolse mense wat hoofsaaklik handwerk verrig. Volgens mev. Knoetse, hoof van hierdie sentrum, kan kunsstudente baie help by die ontwerp van mat- en tapiserie patrone.

Belangstellendes kan mej. Annemie de Klerk by die SGD-kantoor kontak of hulle aansoekvorms in bussie 153 gooi. Aansoekvorms moet vergesel word met die dag en tyd wat 'n persoon beskikbaar sal wees asook hul adresse en telefoonnommers.

# Skakel so met Weermag

**DIE skakelbestuurder vir Weermagsake, kol. Pieter van der Walt, is 'n belangrike skakel tussen die diensplígtige student, studente wat nog diensplig moet doen, die Universiteit en die Weermag.**

Hy moet diensplígtiges wat nou studente word, help vestig en inskakel in die studentegemeenskap. Dienste is ook beskikbaar aan studente wat nog nasionale diensplig moet verrig. Kol. Van der Walt gee advies aan enige persoon wat dit verlang in verband met opleiding, kampe en uitstel van diensplig.

Hy is die voltydse kontakpunt en hy koördineer wedersydse samewerking en skakeling tussen die Universiteit en die Suid-Afrikaanse Weermag. Dit word geïllustreer deur projekhulp wat die Universiteit reeds verskaf het. In die nabye toekoms sal ook hulp voorsien word in verband met opvoedkundige en sielkundige dienste.

Diensplígtiges dwarsoor die land sal deur hom voorgelig word oor tersiêre onderwys en die PU vir CHO. As gevolg van sy wye militêre ondervinding en kwalifikasies, en sy aktiewe betrokkenheid by die jeug, is hy die aangewese persoon om te nader.



*Kol. Pieter van der Walt, skakelbeampte van weermagsake aan die PU vir CHO.*

## Vertragings met bouery

**DIE huidige administrasiegebou is al 'n hele aantal jare te klein en as gevolg daarvan moet van verskillende lokale verspreid oor die kampus, en selfs van opslaangeboue, gebruik gemaak word.**

Die nuwe gebou wat net noord van die hoofingang gebou word, se vordering is volgens kontrak. Die bouers, LTA-konstruksie, moet die gebou in Mei 1981 afgee, maar daar word gehoop dat daar met tyd ingehaal sal kan word en dat die gebou vroeg in volgende jaar voltooi sal wees.

Die argitekte is Conradie, Müller, Van Rooyen en vennote en die kontrakbedrag is R2,5 miljoen.

Die gebou word, op die vlak van die eerste verdieping, met 'n brug tot die studentesentrum verbind. Dit beteken dat die Studenteburo vanuit die Studentesentrum bereik sal kan word.

Die PU vir CHO word daagliks besoek deur mense wat niks weet van die kampusuitleg en die verloop van werksaamhede aan die universiteit nie. Vir hierdie probleem word voorsiening gemaak deur 'n sentrale navraepunt in die ingangsportaal te plaas. 'n Model van die kampus sal ook hier geplaas word. Ruim voorsiening vir besoekers se voertuie word in die kelder gemaak.

Geen finale besluit is nog oor die toekoms van die ou gebou geneem nie.

# Jaap Marais — aanval op regering

deur G.J. Victor

**DIE regering se beleid van detente en dialoog het misluk. Dit was die woorde van mnr. Jaap Marais, Hoofleier van die HNP, Vrydagaand tydens 'n vergadering van die Politiese Raad van die PU vir CHO. Mnr. Marais het in 'n skerp bewoorde aanval en baie kritiek op die regering verskeie probleme van die huidige politieke beleid uitgewys.**

Die mislukte pogings van welwillendheid het op die sportgebied begin en wyer uitgekring na ander sektore van die samelewing. Die sportbeleid beliggaam tans die algemene filosofie van die regering. Integrasie op sportgebied het rasseverhoudings net laat versleg.

Ten einde die land se huidige probleme en verhoudings met sy buurstate te verbeter dring die HNP daarop aan dat die regering sy voedselhulp aan daardie lande moet staak en sodoende sal daardie lande gou genoeg tot ander insigte kom.

Die regering poog tans om apartheid geheel en al af te skaf op verskeie gebiede en om dit op die ou end volkome af te skaf sal die regering R50 000 miljoen kos. Die grootste gedeelte van hierdie geld is om die loongapings te vul.

Mnr. Marais is daarvan oortuig dat die HNP met die volgende verkiesing setels sal wen en dan sal hulle die taal van die blankes in die parlement praat. Die jeug is al hoe meer in die brandpunt van die politiek en moet die verantwoordelikheid van die keuse wat op hulle gelê word, vat.

## Hoër diktaatpryse regverdig

**Die hoër diktaatpryse is volgens die vise-rektor, prof. Nic Swart te wyte aan 'n doeltreffender koste-stelsel.**

In die verlede is slegs een tikster uit die opbrengs van diktate vergoed en die Universiteit het die res van die koste gedra. Hierdie subsidie is teruggetrek sodat die pryse nou alle koste dek.

Studente hoef hulle dus nie te bekommer dat hulle onderdeur gespring word nie. Hulle kan egter verseker wees dat hulle nou 'n regverdige prys betaal.


Spaar 'n sent vir die student



7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad

Gooi nou in by Harold's Volkswagen

Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261




PASPOORT: HIERMEE WORD GESERTIFISEER DAT H EN C KWALIFISEER VIR TOELATING TOT UOVS-JOOL.

*(Die Wapad steun die standpunt van UOVS teen saambly — Red.)*

# UOVS teen Karen Sickel

**Mej. Karen Sickel, mej. Suid-Afrika 1979, het die afgelope week 'n groot drama beleef.**

Sy is genooi om, volgens gebruik, in amptelike hoedanigheid as mej. Suid-Afrika, die kroning van die Joolprinsesse waar te neem. 'n Week voordat die kroning sou plaasvind het die Joolkomitee en die Studenteraad haar openbare verdediging van voorhuwelikse saamwonery nie genoegsaam verreken nie. Daar is gereken dat mej. Sickel se teenwoordigheid as genooide gas aan die universiteit geïnterpreteer sou kan word as goedkeuring van haar openbare morele standpunte en om daardie rede is daar verkies om die uitnodiging eerder terug te trek. Mej. Veronica Wilson, Mej. RSA, is toe gevra om in haar plek die kroning waar te neem. Mej. Wilson het egter die uitnodiging van die hand gewys omdat sy dit as 'n klap in die gesig van haar kollega beskou het.

In 'n omsendbrief wat deur die universiteit in verband met die aangeleentheid versprei is, is genoem dat dit jammer is dat sulke onsmaaklikhede moes ontstaan. Die uitnodiging moes in die eerste plek nie geskied het nie.

Die amptelike verskoning lui as volg: "Waar die situasie as onbedagsaamheid en onbeholpenheid geïnterpreteer kon word, wil die Studenteraad namens die Joolkomitee aan mej. Sickel verskoning aanbied waar sy as dame in groot verleentheid gestel is. Die Studenteraad weet dat hy geensins die aanmatiging of begeerte het om die persoon van mej. Sickel te veroordeel nie."

N.G. KERK-BOEKHANDEL

Tomstraat

IETS VIR ALMAL

# ASB — RAU toon positiewe stempersentasie

**DIE REFERENDUM wat onlangs by die RAU gehou is, is ten gunste van die ASB beslis. Die vraag, "Voel jy tuis in die ASB?", is tydens die referendum behandel.**

Stemreg is slegs aan voltydse studente toegestaan en 'n stempersentasie van 51,9 persent is behaal. Hierdie hoë stempersentasie dui, volgens verteenwoordigers van die ASB, op toenemende belangstelling in studentepolitiek.

Die uitslag was 53 persent ten gunste van die ASB en 43 persent daarteen.

Die referendum het baie belangstelling by studente uitgelok en verskeie sprekers, onder andere min. Braam Raubenheimer, het opgetree.

In die hewige debat waartydens ongeveer driehonderd studente teenwoordig was, het die "pro-ASB-kamp" en die "anti-ASB-kamp" die geleentheid gekry om hulle sake te stel.

Mnre. André de Meillon en Chris Lessing het die debat teen die ASB gevoer. Hulle het aangevoer dat die negatiewe disaffiliasiestelsel van die ASB en die aanwending van fondse onaanvaarbaar is.

Mnr. Chris Fismer, voorsitter van die ASB, het gesê dat die huidige affiliasiestelsel wat die afgelope jaar in werking was, nie suksesvol was nie.

'n Kommissie werk tans aan 'n nuwe sisteem waarvan detail eers gedurende die ASB-kongres in Julie in Potchefstroom bekend gemaak sal word.

Dit sal daarop berus dat slegs die studenterade van elke universiteit affilieer. Dit kom nie neer op sentrumaffiliasie nie, maar sal beteken dat die ASB dan slegs dertien lede het.

Sommige studente het gesê alhoewel hulle hul nie tuisvoel binne die ASB nie, hulle ook nie ondersteuners van NUSAS is nie. Dit is egter duidelik deur mnr. De Meillon gestel dat NUSAS nie die enigste alternatief is nie.

## *Naskoolse studie — die moeite werd?*

**'N BRITSE gegradueerde het vandeesweek in die Londonse Sunday Times geskryf dat die kursus wat sy vir haar B.A.-graad gevolg het, so onprakties was, dat die enigste pos wat sy kan kry, 'n dosentepos aan haar eie universiteit is.**

Sy het gesê dat die sogenaamde vrye onderrig van die twintigste eeu gelei het tot 'n gebrek aan rigting in die studie. Duisende studente studeer jaarliks aan die verskeie onderrigsentra in 'n land en baie min gebruik werklik daardie opleiding. Baie mense studeer net om te kan studeer maar wanneer hulle na 'n betrekking moet soek, baat hulle graad hulle niks.

Hierdie probleem skryf sy toe aan die gebrek aan voorligting op skool. Studente behoort ook te besef dat naskoolse opleiding eerder 'n voorreg as 'n reg is.

## RAU nie pers skakel

STUDENTE van die Randse Afrikaanse Universiteit is gewaarsku om nie met die pers te praat sonder toestemming nie.

In 'n omsendbrief wat op die kampus gesirkuleer is, word daar beweer dat studente al dikwels informasie aan die pers gegee het, wat die universiteit in die verleentheid gestel het. Daarword voorts gesê dat dit van elke student verwag word om die naam van sy koshuis en universiteit te beskerm. Die pamflet is deur prof. M.W. Prinsloo, studentekanselier aan die universiteit, onderteken.

## SGD-beurs help uit

**Die SGD het 'n nuwe beursfonds geloots wat daarop gemik is om finansiële hulp te verleen aan behoeftige studente van alle rassegroepe.**

Die gedagte is geïnisieer deur mev. A.L. Combrink, 'n dosent verbonde aan die Departement Engels. Die behoefte aan so 'n beursfonds is gevoel nadat daar in 1979 tien matrikulante van Promosa die eindeksamen geslaag het en al tien van plan is om verder te studeer.

Beurse wat klas- en verblyfkoste dek word gewoonlik aan hierdie studente toegestaan maar geen voorsiening word gemaak vir boeke, reiskoste en klere nie.

Die presiese grootte en aanwending van die beurse sal nog bepaal word, hoewel daar gevoel is dat die beurse vir reis- en sakgeld gebruik mag word in gevalle van werklik behoeftige studente.

Mej. Annamie de Klerk van SGD het gesê dat die bydrae vanuit die dosentegeledere onontbeerlik is en dat Mev. Combrink se inisiatief baie waardeer word.

Medewerkers van die studentegeledere word nog gesoek om te help met die insameling en die administrasie van die fondse.

Studente wat graag nog gemeenskapsdiens wil lewer is baie welkom om aan te meld by die SGD-kantoor in die Studentesentrum.

## UOVS-geld verhoog

KLAS- EN LOSIESGELDE vir 1980 aan die UOVS is met 10% verhoog. Losiesgelde beloop nou R840 per jaar. Die universiteit was genoodsaak om hierdie verhoging deur te voer om sy vele finansiële verpligtinge na te kom.




## Mans in kalklig

**Vandeesweek het die studente van die Universiteit van Pietermaritzburg besluit dat alle "diskriminasie" teenoor mans op die kampus uitgeskakel moet word.**

Wedstryde om die Joolkoningin, debutante van die jaar en trompoppies te kies gaan voortaan nie net tot die skoner geslag beperk word nie.

Die nuwer verwikkelinge moet, volgens lede van die Joolkomitee nie as 'n grap gesien word nie. Enige man — indien hy goed genoeg is — sal ook aanvaar word.

Mej. Cora Hoexter, 'n lid van die joolkomitee, sê hulle het in die verlede hope klagtes ontvang oor die feit dat die tradisionele instellings net vir meisies oop is. Hulle het vervolgens besluit om van hierdie jaar af mans te nooi om aan hierdie aktiwiteite deel te neem.

Mej. Hoexter sê voorts dat hulle hierdie nuwe verwikkelinge as 'n stap vorentoe beskou.

## Elektro-studente

UNISA beplan om hul studente elektro-studente te maak. Werkopdragte sal per telefoon of televisie gegee word. Daar sal elektroniese boekopsporing by biblioteke en Unisa se amptelike boekhandelaars wees en telefoon-studiegroepe en televisie-groepbesoeke. Al hierdie byna ongelooflike beplannings word vir die toekoms in die vooruitsig gestel.

Dit sal die skakeling tussen Unisa en sy studente bespoedig en vergemaklik. Die elektro-studente sal steeds hul menslike natuur behou. Hulle sal steeds moet leer ten einde te slaag en steeds (elektronies) verskonings moet uitdink wanneer hulle nie hul plig nakom nie.

# PU stig Goud Instituut

**'n Goud Instituut word aan die PU gestig, omdat goud beskou word as die ruggraat van Suid-Afrika se volkshuishouding.**

Dié ekonomiese werklikheid word nie allerweë in diepte besef nie. Alhoewel Suid-Afrika die wêreldleier is met navorsing op tegniese en wetenskaplike gebiede van die mynbedryf, is daar 'n duidelike behoefte aan deurlopende en gesentraliseerde navorsing op ekonomiese en finansiële gebiede.

Ten spyte van die feit dat die goudprys tans oorheers word deur nie-ekonomiese faktore, bly dit belangrik om navorsing te doen oor tersaaklike aspekte, die goudprys en die implikasies daarvan.

Die stigting van 'n goudinstituut aan die PU is nie net geregverdig omdat dit noodsaaklike navorsingswerk op die ekonomiese en bedryfsekonomiese gebiede wat betref goud sal aktiveer nie, maar omdat dit aan 'n behoefte sal voldoen en 'n diens sal lewer vir die betrokkenes. So 'n instituut sal aanvullend wees tot die dienste wat ander institute en buro's verrig.

Die PU is strategies geleë naby die land se vernaamste en rykste goudmyne en voel dus aangewese om die belangrike diens te verrig.

Weens praktiese redes en omdat dit nader aan Johannesburg geleë is sal die Instituut se setel by die Vaalrivierse tak op Vanderbijlpark wees.

# Jan Louis oor Corné

**DAAR kan geen onderskeid getref word tussen studente- en party-politiek in die berig wat in Rapport (17/2) verskyn het nie. Volgens mnr. Jan Louis du Plooy ressorteer party-politiek nie onder die jurisdiksie van die SSR nie. Mnr. Mulder se persoonlike politieke bedrywighede is dus 'n saak tussen mnr. Mulder en die takbestuur van die Nasionale Party op die kampus.**

In die berig wat in die Rapport verskyn, word daar verwys na "woedende studente" op die PU-kampus wat mnr. Mulder wil dwing om sy ware "politieke kleure" te wys.

In 'n verklaring deur mnr. Mulder uitgereik, stel hy dat hy nie van sodanige groepe bewus is nie en dat niemand hom nog persoonlik genader het nie.

Mnr. Mulder word daarvan beskuldig dat hy die NKP openlik steun terwyl hy nog amptelik die voorsitter van die Nasionale Party op die kampus is.

Ten opsigte van die aantygings dat mnr. Mulder sy posisie as SSR-lid misbruik het om toegang tot die kennisgewingborde op die kampus te verkry, het mnr. Du Plooy gesê dat die normale weë gevolg is. Dit staan alle politieke partye vry om plakkate op die kampus te sit mits dit die stempel van die SSR met die afhaaldatum dra

# PU reël Amajuba fees

**DIE Kabinet het dit aan die PU vir CHO opgedra om die eeufeesherdenking van Amajubadag nasionaal te organiseer.**

Volgens Mnr. H.M. Robinson het Potchefstroom 'n belangrike rol in die Eerste Vryheidsoorlog in 1880-1881 gespeel en dat dit daarom paslik is dat die verbintenis tussen Potchefstroom en Amajuba ook in die honderdjarige herdenking van die slag gehandhaaf sal word.


Die Ossewabrandwagversameling word steeds aan die PU uitgebou en met Amajubadag in 1978 is die plaas Amajuba aan die PU geskenk as deel van die OB-versameling, omdat die plaas vir ongeveer veertig jaar aan die OB behoort het.

Die PU gee gehoor aan die skenkers van die plaas om leiding te neem met die aanbieding van die eeufees van die slag van Amajuba, gedurende die laaste naweek van Februarie 1981.

Hoofsaaklik om dié rede word daar nie op groot skaal in 1980 herdenkingsfeeste van Amajuba aan die PU gehou nie.

Die Kabinet het die eeufees van 1981 tot 'n saak van nasionale belang verklaar. Die Rektor, Prof. Tjaart van der Walt en Mnr. H.M. Robinson het reeds 'n besoek aan Natal gebring om te onderhandel oor deelname aan die feesviering.

Die finale program van die fees word nog beplan, maar dit sal bestaan uit fakkellope, optogte, bergmarathon, radio- en TV-programme en plaaslike feeste. Die hoogtepunt van die fees sal op Saterdag 28 Februarie 1981 bo-op en aan die voet van die berg Amajuba gehou word. Volksang en -musiek sal sterk op die voorgrond tree.



**Mnr. André Duvenhage, verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Brouerye, gesels met die ere-president van die Karnavalkomitee, prof. Rassie Smit.**

# Prof. Havenga lewer rede

**PROF. KLAAS HAVENGA, professor in die Departement Bedryfsekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit, het op 22 Februarie sy intreerede as professor gelewer.**

Sy rede het gehandel oor die noodsaaklikheid, doel en inhoud van bestuursopleiding veral aan universiteite. Hy het daarop gewys dat bestuurstegnieke meer gesofistikeerd word en dat bestuurskole aan universiteite veral in hierdie opsig 'n belangrike rol het om te vervul.

Prof. Havenga het gesê dat die steeds dalende blanke bevolking van die land, in verhouding tot die stygende swart bevolking, egter nog in die meerderheid bestuursvermoëns van die land sal moet voorsien. Dit is as die bestuurspotensiaal uit ander bevolkingsgroepe nie behoorlik benut gaan word nie.

Prof. Havenga het verder verwys na die M.BA- en D.BA-programme en gesê die basiese doel daarvan is om studente te voorsien van 'n interdissiplinêre kennis en begrip van professionele sakebestuur.

Die opleiding van bestuurders in die land sal ernstige aandag moet geniet om 'n reserwe op te bou vir die toenemende vraag daarna. Dit sal sy hoofdoel wees om die programme van bestuursopleiding binne die beginsels van die PU uit te bou, het prof. Havenga gesê.

Prof. Havenga het in 1966 die graad B.Comm en in 1969 die graad M.Comm albei met lof geslaag en doseer sedert 1967 aan die PU. Verlede jaar is hy as professor aangestel.

Verskeie wetenskaplike artikels het al uit sy pen verskyn en hy lewer dikwels referate by plaaslike en internasionale konferensies.



*Prof. N.J.J. Havenga*

# Affiliasie bespreek

Die SSR-voorsitter, mnr. Jan-Louis du Plooy en die SSR-lid vir ASB, mnr. Corné Mulder, sal oor die volgende drie weke die verskillende koshuise besoek om die kwessie van affiliasie met die studente te bespreek.

Daar is 'n disaffiliasielys by die SSR-kantoor beskikbaar en studente kan bedags daar disaffilieer.

Die negatiewe disaffiliasiestelsel is steeds van krag. Dit beteken dat studente deur hulle name op die lys in te vul, van die ASB kan disaffilieer.

Daar het 'n kommissieverslag verskyn i.v.m. die aangeleentheid waar die verskillende stelsels van Sentrum-affiliasie van Studenterade behandel word.

Die huidige stelsel van negatiewe affiliasie word behou tot en met die Julie-kongres te Potchefstroom, waar verandering van die stelsel verwag word.

# Mulder-mosie aanvaar

**'N SPESIALE SSR-vergadering is op Maandag 25 Februarie gehou. Die vergadering is gehou na aanleiding van 'n berig oor mnr. Corné Mulder wat in die Rapport verskyn het. 'n Mosie is ingedien deur mnre. Gert Coetzer en Stefan Pretorius.**

Die mosie stel dit eerstens duidelik dat ". . . geen SSR-lid se posisie as SSR-lid enigsins in gedrang kom vanweë sy party-politieke oortuigings nie . . ." Die motivering vir die punt was dat party-politieke bedrywighede nie onder die georganiseerde studentelewe, waarvan die SSR aan die hoof staan, val nie.

Verder verklaar die SSR dat ". . . mnr. C.P. Mulder geensins sy posisie as SSR-lid misbruik het om toegang tot kennisgewingborde te verkry nie, maar inteendeel volgens die korrekte reëls opgetree het en daarom sy integriteit steeds bo verdenking staan."

Die mosie is algemeen aanvaar.

# Corné wys sy politieke kleur

Omdat sekere feitelike foute, foutiewe afleidings en insinuasies van misbruik van my posisie deur Rapport (17 Feb. 1980, p. 11) oor my gemaak word, voel ek verplig om op hierdie wyse teenoor die Puk-massa, wat ook in die berig genoem word, te reageer.

Die twee belangrikste sake in die berig sover dit die Puk-massa aangaan is: (1) Dat 'n "ontstoke student" sou gesê het dat klein groepies weet waar ek staan maar dat as "die massa studente weet waar Corné se lojaliteit lê" my kop seker sou waai.

Ek was nooit skaam om my politieke sienings en standpunte teenoor iemand te stel nie. Dit blyk uit onder andere die volgende:

- In my beleidsverklaring as kandidaat vir die SSR (vgl. Die Wapad, 10 Aug. 1979, p. 10) het ek onder andere gesê: "In huidige tye is dit belangrik dat studente meer en meer polities betrokke sal wees." Met hierdie uitgangspunt het die studente-massa my as SSR-lid verkies.
- Op die Groot Sweet is verskeie politieke vrae deur studente aan my gevra wat ek met vrymoedigheid beantwoord het. Die betrokke "ontstoke student" was welkom om enige politieke vrae aan my voor die massa te stel.
- Op 1 Oktober '79 het die SSR 'n mosie aanvaar wat onder andere die afskaffing van die ontugwet en wet op gemengde huwelike bepleit het. Ek het daarteen gestem en het gevra dat my teenstem asook my redes genotuleer word ten einde my standpunt na buite duidelik te maak. Die Wapad van 19 Okt. 1979 het op sy voorblad 'n volledige berig hieroor gehad waarin my redes volledig gerapporteer is. Verskillende dagblaaie het die storie uit Die Wapad oorgeneem en die standpunte verder uitgedra.
- Na aanleiding van 'n berig in Die Wapad onder die opskrif "Connie manne gebruik '48 taktiek" het ek 'n lang brief aan Die Wapad geskryf waarin ek my beswarе teen die berig uiteensit. Die berig is volledig deur Die Wapad geplaas
- Vanjaar tydens oriëntering het ek tydens die studenteparlement voor meer as 1 400 Pukstudente my standpunt oor oop universiteite gestel en in debat verdedig.

Bogenoemde maak Rapport en die "ontstoke student" se standpunt dat ek my standpunte agteraf stel en my met "onderlinge praatjies" besig hou, belaglik. Hoe ek my standpunte duideliker aan die studentemassa moet stel, weet ek nie.

(2) Rapport laat dit voorkom asof ek my posisie as lid van die SSR misbruik ten einde plakkate onwettig op die kennisgewingborde te kry. Ek sou dan toegang hê tot die kennisgewingborde se sleutels. Die feite is soos volg:

- Geen kennisgewingbord het sleutels of slotte nie. Enige student is geregtig om slegs die glas weg te skuif en 'n plakkaat daarop aan te bring. Alle plakkate moet slegs die SSR se stempel dra. By die SSR kan vasgestel word dat hierdie korrekte prosedure in die geval van die plakkate waarna verwys word, gevolg is.
- Die beleid op die kampus ten opsigte van politieke sake is dat enige politieke party op die kampus mag opereer solank hy by die voorgeskrewe voorwaardes hou. Daarom is hier 'n NP-tak op die kampus en was daar voorheen ook 'n Progtak op die kampus. Selfs op die SSR was daar in die nabye verlede SSR-lede wat die Progs ondersteun het.

"Ontstoke student" se foutiewe bewerings reflekteer ongelukkig nie net op my nie, maar stel die hele SSR in 'n negatiewe lig. So ook sy aanmatigende houding om namens alle Pukke te besluit hoe hulle oor 'n saak voel.

die WAPAD

## • Karnaval

**Die groter bedrag geld wat vanjaar deur die Karnavalkomitee ingesamel is, toon dat die ware doel van Karnaval al meer doeltreffend bereik word. Dit was dikwels in die verlede teleurstellend om te sien hoeveel studente skynbaar onbewus bly van die feit dat Karnaval in werklikheid bedoel is as 'n geleentheid waarop studente daadwerklik geld vir liefdadigheid insame. 'n Mens kan net hoop dat al die studente die goeie voorbeeld van die Karnavalkomitee sal opmerk en navolg.**

## • Instituut

**Die stigting van 'n instituut vir goud aan die PU is 'n stap wat nie anders kan as om in die toekoms tot voordeel van die universiteit te strek nie. Deurdagte pogings soos hierdie is essensieël vir die daarstelling van sekuriteit vir die dag van môre.**

## • Politiek

**Die bohaai oor politieke sienswyses van leiers in die studentelewe is sinloos en onnodig. Niks word bereik deur onnodige aftakeling van 'n persoon op grond van sy persoonlike optrede buite die studentelewe nie.**

**Die optrede van 'n Sondagkoerant en sommige dagblaaie was onprofessioneel en het onnodig wrywing veroorsaak. 'n Joernalis behoort nie inligting waarvan die waarheid nie bo alle twyfel vasgestel is nie, te publiseer nie. Daarbenewens is 'n student in die verleentheid gestel omdat 'n persoonlike gesprek met hom misbruik en verdraai is ter wille van sensasie.**




# Ambassadeur besoek sentrum aan PU

**— Cobus Visser —**

**MNR. L. PIENAAR, Suid-Afrika se ambassadeur in Argentinië, het Maandag 11 Februarie 'n gewaardeerde besoek aan die sentrum vir Internasionale Politiek aan die PU gebring. (Mnr. Pienaar was vier jaar gelede self 'n student aan die PU.) By die geleentheid het hy beide die IP I- en IP II-studente toegespreek en 'n interessante weergawe van die toestande in Suid-Amerika, en Argentinië in die besonder, gegee.**

Volgens Mnr. Pienaar speel Suid-Amerika, of soos dit ook bekend staan, Latyns-Amerika, vandag 'n belangrike rol in die wêreld. Die rede hiervoor is kortliks te vinde in die feit dat die Suid-Amerikaanse state oor vier-en-twintig stemme in die VVO beskik. Suid-Amerika is deel van die Derde Wêreld. Die verskillende Suid-Amerikaanse state is ryk aan mineralereserwes en veral olie, maar miskien die belangrikste is Suid-Amerika se potensiaal om voedsel te produseer.

Verder beklee Suid-Amerika 'n baie belangrike strategiese rol waar hy deur twee belangrike oseane begrens word, en dus 'n belangrike rol kan speel teen die Sowjet-Unie se indringing in die Suid-Atlantiese oseaan.

Ongelukkig is feitlik al die Suid-Amerikaanse state baie onderontwikkeld en word hulle gekenmerk deur onstabiele regerings. Suid-Amerika staan nie verniet bekend as die land van rewolusies nie. Dit spreek duidelik uit die feit dat, behalwe Venezuela, al die ander state oor een of ander militêre regering beskik.

Argentinië, Uruguay en Chili speel belangrike rolle in die planne vir 'n Suid-Atlantiese verdragsorganisasie en is, in teenstelling met ander Suid-Amerikaanse state soos Brasilië, selfs bereid om saam met Suid-Afrika tot so 'n organisasie toe te tree. Onderlinge geskille soos grensdispute en druk van die VVO se kant is egter die grootste struikelblokke tot samewerking.

Argentinië self het 'n bevolking wat bestaan uit 'n groot meerderheid Blankes en het in teenstelling met ander Suid-Amerikaanse state weinig, indien enige, etniese of rassewrywing.

Die land se geskiedenis word gekenmerk deur rewolusies en veral stedelike terreur. Vir ongeveer die laaste twee dekades was daar feitlik elke derde jaar 'n regeringsomwenteling. Die grootste rede hiervoor is ekonomiese swakheid. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het Argentinië feitlik gestagneer wat sy ekonomiese ontwikkeling aanbetref en sedert die sestigerjare word die land gekortwiek deur 'n geweldige hoë inflasiekoers. (Hul inflasiekoers is op die oomblik ongeveer 140%). Verder bestaan daar 'n gaping tussen die hoë en die lae klas en is daar 'n totale gebrek aan 'n gesonde breë middelklas.

Daarenteen is Argentinië feitlik 90% selfvoorsienend ten opsigte van olie, beskik oor 'n hoë landboupotensiaal, 'n groot visbedryf en baie aardgas. Die land voer veral beesvleis en swaar industriële toerusting uit.

Die klimaat in groot dele van Argentinië stem baie ooreen met dié in sekere streke hier by ons. Elf miljoen van die totale bevolking van ses-en-twintig miljoen bly in die beroemde hoofstad Buenos Aires en daar bestaan tans geen werkloosheid in Argentinië nie. Die mense daar is baie konserwatief en hegte familiebande word hoog op prys gestel.

Die huidige militêre Junta is op die oomblik nog relatief stabiel en daar is selfs sprake van 'n demokratiese verkiesing in 1985.

Ten laaste, maar nie die minste nie, het mnr. Pienaar een en ander te vertel gehad oor die gemeenskap van Afrikaners wat hulself net na die Anglo-Boereoorlog in die suidelike dele van Argentinië gaan vestig het. Hulle is hoofsaaklik skaapboere en behoort steeds aan 'n eie Protestantse kerk. Volgens mnr. Pienaar is dit slegs die ouer garde wat nog Afrikaans praat en wel die Afrikaans uit die begin van die eeu. Daar is ook heelwat van hierdie mense met hul bekende Afrikaanse vanne wat kontak met familie in Suid-Afrika behou het. Sommiges het selfs hul Suid-Afrikaanse paspoorte behou.

**DIE WAPAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA**

# Die liggaam is vir die Here

**1 KORINTHIËRS 6:14: "En God het ook die Here opgewek en sal ons opwek deur sy krag."**

Die jong lewe is mooi, baie mooi. Dit is 'n gawe van die goeie Vader aan sy kinders. Jongmense knoop verhoudings aan met die teenoorgestelde geslag. In hierdie verhoudings sentreer baie om die liggaam en liggaamlikheid.

Ons moet stel dat ons liggame en liggaamlike aantreklikheid 'n gawe van God is en bestem is vir die opstanding in ewige heerlikheid.

Kom ons kyk wat sê God oor my liggaam in 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag.

Paulus sê: "Die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here". Waarom? "Want God het die Here (Jesus Christus) opgewek en sal ons opwek deur sy krag".

Dit is die opstanding van Christus wat ook ons standpunt oor ons eie liggaam moet bepaal — ook in ons onderlinge verhoudinge met die ander geslag. Daar is ook vir my liggaam 'n toekoms. Daarom mag ek nie my, of iemand anders se liggaam, misbruik nie. Daarom moet ek waardering en bewondering hê vir my liggaam. Dit is die werk van 'n Kunstenaar.

**SAAMGEVAT**

Die liggaamlike is nie sonde nie, wel die misbruik van die liggaam.

Die liggaamlike drange in my jong lewe is nie verkeerd nie, wel die uiting daarvan in hoerery.


Die seksuele is nie sonde nie, wel die uiting daarvan buite die huwelik.

Liggaamlike aantreklikheid is nie verkeerd nie, wel die oorbeklemtoning daarvan.

My liggaam is waardevol want Christus het ook vir my liggaam gesterf en ook my liggaam sal deur God opgewek word.

# Akademiese Raad: Tussenverkiesing

## Kandidate vir voorsitterskap



*J.C. Basson (Chris)*

**Curriculum Vitae**

**1977 — Skryf in vir HOD Sek.**
**1978 — Verkies op die bestuur van die Biologiese Studente Vereniging**
**1979 — Voorsitter van die Biologiese Studente Vereniging**
**1980 — Voorsitter van die PU Natuurlewe vereniging en is lid vir opleiding van die Verenigingskomitee vir die Akademiese Raad.**

**Beleidsverklaring**

Met die benoeming verklaar ek my bereid om die belange van die onder-liggame van die Akademiese Raad na die beste van my vermoë te dien.

Verder gaan ek probeer om sake aangaande die onder-liggame so spoedig moontlik na hoër gesag deur te voer soos waar dit verlang word om sodoende frustrasie en moedeloosheid by die verenigings te voorkom omdat daar geen resultate met verstopte kanale verwag kan word nie.

Ek wil die onsekerheid in verband met klasvrystelling van studente wat dag uitstappies gedurende klastyd onderneem, uit die weg ruim. In die verlede het die onderliggame probleme ondervind om klasvrystelling vir sodanige studente te verkry alhoewel dit gemagtigde akademiese uitstappies was. Om bogaande doelstelling te bereik, wil ek

— eerstens nouer skakeling tussen onder-liggame van die Akademiese Raad en hul betrokke fakulteite of belanghebbende departemente te bewerkstellig en

— tweedens wil ek probeer om beter koördinering en beheer oor die betrokke uitstappies te verkry om sodanige uitstappies volgens meriete te kan hanteer en deurvoer na die betrokke owerhede en

— derdens as die nouer skakeling wat die onder-liggame soos in (1) genoem verkry kan word sal die akademiese verenigings se bedrywighede tot hul reg kom deurdat die betrokke departemente dan sal kennis dra van die aard van die betrokke aktiwiteite.

Verder wil ek poog om "oor" organisasie en dubbele standaarde uit te skakel deur eenvormigheid vir alle onder-liggame van die Akademiese Raad asook hul bedrywighede te koördineer. Sodoende kan alle onder-liggame dieselfde voordele en geleenthede verkry indien hulle bewys kan lewer van die doeltreffendheid van sodanige onder-liggame. So kan verenigings wat hul kant bring volgens meriete bevoordeel word. Daardeur kan ondoeltreffende verenigings uitgeskakel of aangemoedig word.

Met die hulp van die Allerhoogste glo ek dat ek die nodige leiding sal ontvang indien ek verkies word om bogenoemde doelstellings na te streef.



*Irma J. van Rensenburg*

**Curriculum Vitae**

**1978: Skryf in BA I**
**1979: BA II**
**Voorsitster — Retoriese Vereniging**
**Sekretaresse — Filosofievereniging**
**Advertensiewerwer — Sakboekie**
**Tweede plek — ATKB Redenaarskompetisie**
**Afgevaardigde — Intervarsity Debating Congress**
**1980: BA III**
**Voorsitster — Retoriese Vereniging**
**Sekretaresse — Akademiese Raad**
**Redaktrise — Sakboekie**
**Raadsredaktrise — Die Wapad**

**Beleidsverklaring**

Die taak van die Akademiese Raad het in die afgelope paar jaar geweldig uitgebrei. Dit omvat tans nie net die akademiese verenigings nie, maar die hele spektrum van die akademiese sy van die studentelewe. Dit moet die primêre taak van die nuwe Akademiese Raad wees om dié nuwe struktuur te laat werk.

Korttermyndoelstellings

— Die praktiese implementering van die toekenning van akademiese erekleure.
— Die onmiddellike verkiesing van klasverteenwoordigers.
— Die ondersoek na 'n akademiese koshuiskompetisie.
— Die opstelling van huishoudelike reglemente vir die Akademiese Raad, die Verenigingskomitee en die Fakulteitekomitee.

Langtermyndoelstellings

— Die praktiese en blywende implementering van die nuwe struktuur van die Akademiese Raad.
— Die skakeling met die personeel oor die nuwe struktuur van die Akademiese Raad.
— Praktiese en nuttige opleiding aan alle lede van die Akademiese Raad en sy onderliggame.
— 'n Poging tot die rasionalisering van die struktuur van veral die verenigingskomitee.



*Henk G. Stoker*

**Beleidsverklaring**

ALHOEWEL "akademie" nie op die huidige tydstip 'n baie gesogte woord is nie, is dit tog die rede waarom die meeste van ons hier op die PU is.

Die Akademiese Raad-voorsitter het 'n belangrike taak om oor ons akademiese en sosiaal-akademiese belange te waak.

Die klasverteenwoordigerstelsel kan 'n belangrike rol speel om studente meer akademiese sekuriteit te gee. Ook die akademiese verenigings moet versterk word in hulle doel om hulle vakke meer aanvaarbaar te maak.

In nederige erkentenis teenoor my Skepper stel ek myself beskikbaar.




## Groen lig vir party-plakkate

**Geagte Redakteur**

Hiermee wil ek graag 'n ernstige beswaar teen die optrede van die SSR opper. Ek doen dit opsetlik in Die Wapad, en nie bv deur 'n persoonlike brief aan die SSR nie, omdat ek daarvan oortuig is dat hierdie probleem in die ope opgeklaar behoort te word. Ek weet dat daar 'n aantal studente is wat my opinie in hierdie verband deel, en ook vir hulle onthalwe wil ek graag van die SSR 'n **openbare** antwoord hieroor vra. verder is ek van mening dat die SSR 'n fout begaan het wat van openbare belang is in die sin dat baie studente, en veral ontvanklike eerstejaars, daardeur beïnvloed is. Daarom moet die saak in die openbaar reggestel word.

Die probleem waarna ek verwys raak die advertensies van 'n bepaalde politieke party (Dr C Mulder se Konserwatiewe Nasionale Party), wat **met die SSR-stempel daarop** (m.a.w. die SSR se goedkeuring) op die kampus opgeplak is. Hierdie plakkate adverteer die bekendstellingsvergadering van die betrokke politieke party in Potchefstroom, en word **nie** op die kampus aangebied nie, omdat sodanige tipe vergaderings **geen** kampus- of universiteitsaangeleentheid is of kan wees nie. Waarom word hulle dan toegelaat om hulle vergaderings op die kampus te adverteer, met die SSR se goedkeuring? Sover my kennis strek, was dit nog altyd ongeskrewe SSR-beleid om geen **party**-politiekery op die kampus toe te laat nie, en dit sluit die aanbieding of advertensies van party-politieke vergaderings op die kampus uit. Waar 'n betrokke politikus wel die geleentheid gegun word om sy standpunt op die kampus te stel, is dit gewoonlik 'n aksie van die Politiese Raad, waartydens studente die geleentheid gegùn word om 'n betrokke party of persoon se standpunt krities (ooreenkomstig die aard van die universiteit as wetenskaplike inrigting) te ondersoek, sonder geleentheid vir enige party-politieke propaganda. Waarom word daar hiervan afgewyk? Ons eie **studente**-organisasies het oorgenoeg probleme om hulle aksies sinvol gereklameer te kry.

Ten slotte wil ek aan die SSR 'n vragie of wat vra in verband met hierdie aangeleentheid: (1) Sal julle ook die PFP of die HNP toelaat om hulle politieke vergaderings op die kampus te adverteer? (2) Kan julle eerlik teenoor die massa verklaar dat daar geen bevoordeling van sekere politieke sentimente in die SSR of Politiese Raad se optrede toegelaat word nie? Ons moet weet, want dit kan beteken dat ons die komende SSR- en Radeverkiesing gaan veg of party-politieke gronde (iets wat nog altyd vermy is, maar as julle dit só wil doen, moet julle ons ten minste eerlik waarsku). (3) Onthou julle nog die groot debakel verlede jaar toe die Pukke toegang geweier is tot die vergadering van die Nasionale Party? Dink julle hierdie advertensies kan dalk 'n aanduiding wees (of as een gesien word deur 'n buitestaander) dat daardie aangeleentheid die SSR se sentiment geswaai het? Dit is hopelik onwaar, maar onthou net, die sensasiesoekers slaap nie. Julle speel met vuur.

Ten slotte, wanneer kry ons 'n reguit verklaring oor die SSR se beleid ten opsigte van politieke bedrywighede? Sedert die verkiesing het ons al heelwat stories gehoor, maar nog geen reguit standpuntinname nie. Is julle bang vir 'n meningsopname hieroor?

**André van der Walt**

*Mnr. Jan-Louis du Plooy, voorsitter van die SSR, het in antwoord hierop gesê dit is studenteraadsbeleid dat alle plakkate wat pas binne die studentelewe gestempel word deur die SSR. Hierdie stempel verleen nie noodwendig die steun of goedkeuring van die SSR vir die inhoud van plakkate nie, maar dien twee praktiese doele. Die eerste hiervan verseker die keuring van plakkate voor verspreiding op die kampus. Die stempel het ook 'n datum op sodat die sekuriteitsbeamptes weet wanneer die plakkate afgehaal moet word.*

*Mnr. Du Plooy het daarop gewys dat plakkate oor vergaderings van ander politieke partye oor dieselfde kam geskeer sal word. — Red.*

## Ontugwet moet bly

**Geagte redakteur,**

In Die Wapad van 19 Oktober 1979 lees ek dat die SSR van die PU vir CHO hom uitgespreek het ten gunste van onder andere die afskaffing van art. 16 van die Ontugwet. Nou ja, hieroor is al baie geskrywe, maar 'n paar sake bly maar vir my onduidelik.

Eerstens is daar vir my die vraag of dit op die terrein van die SSR lê om hom in die openbaar oor sulke sake uit te spreek?

Verder beskou die buitewêreld die studenteraad as die stem van al die studente aan die PU vir CHO. Praat die SSR hier namens al die studente (of dan ten minste die meerderheid) of praat hy dalk uit sy beurt uit?

Hierdie twee sake bekommer my egter nie soveel as die mistasting oor die materie van die saak waaroor dit gaan nie.

Die Ontugwet kom neer op 'n verbod op ontug oor die kleurgrens heen. Ontug is tog sonde en dit is dus suiwer Skrifgefundeerd dat hierdie wet bestaan. Ja, ek weet wat u sê: Die wet diskrimineer teen die Swartes en dit is onbybels! En ook onchristelik!

Het die mense wat die wet wil afskaf dan nog nooit die moeite gedoen om die wet te gaan lees nie? Dieselfde beperkinge en verbiedinge wat dit aan die Swarte stel, stel dit ook aan die Blanke. Waar kom die onchristelike diskriminasie tog in?

Sou 'n mèns nie eerder deur jou Christelike gevoelens gelei moet word om daarvoor te veg dat die wet uitgebrei moet word dat dit alle vorme van ontug verbied nie! Moet die wet nou afgeskaf word omdat dit darem 'n deel van die sonde bestry? Is dit nie meer logies dat die wet alle sonde (in die geval alle ontug) moet bestry nie? As ons die Christelike stryd wil stry in die saak, lyk dit my die aangewese weg.

'n Verdere saak: Tesame met die pleidooie vir die afskaffing van die Ontugwet, hoor ons soos klokslag ook die redenasie dat ons nie wette moet nodig hê om ons van ontug te weerhou nie, maar dat ons ons vanself daarvan moet weerhou. Die vraag vir my hier is: Op grond waarvan kan ons so iets sê? Dit bots tog lynreg met Romeine 7 asook met Sondag 2 van die Heidelbergse Kategismus. Kan daar op enige ander grond so iets gesê word? Is dit nie juis hierdie redenasie wat die ergste vorm van diskriminasie suggereer nie? Beteken hierdie stelling dan nie: "Man, as jy so laag wil daal om oor die kleurgrens heen ontug te pleeg, dan ..." en u weet wat alles volg! Indien hierdie dinge nie so is nie, dan wens ek iemand wil vir my sê wat anders kan dit beteken!

Of is die hele redenasie net maar nog 'n simptoom van die moderne mens se hoogmoed? Uit verskeie oorde en so baie hoor ons deesdae dat ons nou volwasse geword het en nie meer allerhande dinge ontsê wil word nie. En dan is die "allerhande dinge" gewoonlik iets wat nie so duidelik in lyn met die Skrif lê nie. Het ons nou werklik so volwasse geword dat ons nie meer wette nodig het om ons op die regte pad te hou nie? En op grond waarvan moet ons dan die ontugwet afskaf en die wet op diefstal behou? Of die wette op moord, laster en so baie ander?

**P.J. Snyman**

guys ß dolls

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle!



Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!



Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

# Eerstejaars skryf broseksamen



Mnr. Koos Havenga het gevoel dat die vraestel billik was, maar volgens hom was die tekort aan vraestelle te wyte aan "swak organisasie".

**Donderdag, 14 Februarie, was daar slegs 1 000 vraestelle vir die 1 200 eerstejaars beskikbaar om die broseksamen te skryf.**

Die fout het ingesluip by die bode wat die vraestelle moes afrol. Alhoewel hy gevra is om 1 200 vraestelle af te rol, was slegs 1 000 beskikbaar.

Hierdie tekort het 'n probleem by die sentrale eetsaal en die eetsaal van Caput veroorsaak waar die meeste eerstejaars geskryf het. Die probleem is egter tot 'n groot mate opgelos en sommige eerstejaars moes toe vraestelle deel.

Volgens Mnr. Ollie Ollewagen kon ongerymdhede ingesluip het, omdat dit onmoontlik is om altyd en orals toesig te hou. Van die eerstejaars wat weens oneerlikheid uitgevang is, sal 10% van hulle totale afgetrek word as strafmaatreël.

Uit 'n onderhoud wat met eerstejaars gevoer is, blyk dit dat sommige eerstejaars die vraestel vooraf ontvang het. Hierdie is vraestelle van verlede jaar wat soortgelyk is aan vanjaar se vraestel.

Sommige eerstejaars kon nie Donderdag die broseksamen aflê nie en moes hulle op Maandag 18 Februarie vir 'n mondelinge eksamen aanmeld. Eerstejaars wat nie die eksamen slaag nie sal ook 'n mondeling moet doen.

Die slaagsyfer vir die eksamen is 50%. Verlede jaar was die gemiddelde eksamensyfer ongeveer 50%. Die hoogste koshuis gemiddelde was verlede jaar ongeveer 67% en dit is deur die eerstejaar-dames van Oosterhof behaal.

Tydens die eksamen het die huiskomitee-lede toesig gehou. Die vraestelle word ook deur die huiskomiteelede nagesien. Die vraestelle word uitgeruil om te verhoed dat huiskomitees hul eie vraestelle nasien.



"Die feit dat daar te min vraestelle was, het dit ongerieflik gemaak vir diegene wat vraestelle moes deel," het mnr. Attie Fick gesê.



Mej. Annette van der Walt van Vergeet-my-Nie het opgemerk dat die eksamen nie te moeilik was nie.



Mej. Sonnette Bothma van Kasteel kon nie al die werk leer nie. Akademiese verpligting en die eerstejaarskonsert het haar verhinder om deeglik voor te berei.



"Dit is moeilik om in Afrikaans te leer en te skryf. Ongelukkig was daar nie 'n Engelse vraestel nie," het mej. Debbie Cornish (links) gesê. Sy is Engelssprekend.

Mej. Sharon Macaskill, ook Engelssprekend, het gesê dat "'n Afrikaanse vraestel die werk moeilik maak. Ek besef dat dit in 'n mate 'n belangrike eksamen is. Te veel eerstejaars dink dit is 'n groot grap."



Mnr. Stegman Pietersen was van mening dat die vraestel billik was. "Dit is nodig dat eerstejaars broseksamen skryf," het hy gesê.

# PU bou nuwe koshuis

Die nuwe DAMPAD 500-koshuis sal vroeg in 1981 klaar wees. Die verwagting is dat dit nie later as Junie 1981 voltooi sal wees nie.

Die interkomstelsel by die koshuis sal uniek wees op die PU in die opsig dat dit volgens 'n skakelkode sal werk en elke kamer apart gekontak sal kan word. Dit sal veral tydens eksamentye baie geraas uitskakel.

'n Ander nuwe ontwikkeling wat ook nou ondersoek word en in 'n proefstadium is, is die installering van wasoutomate in alle koshuise. Daar is op die oomblik twee sulke outomate in Caput geïnstalleer wat baie goed funksioneer. Die huidige wassery wat die PU het is 'n industriële wassery wat jaarliks R100 000 kos.

'n Verdere klagte is dat die wassery sekere klerestowwe nie so doeltreffend was nie.




# Verlore eetgerei

**Studente kan self baie doen om geld te bespaar. Daar moes verlede jaar R17 000 betaal word vir die vervanging van gebreekte en verlore uitrusting.**

R8 000 was net om verlore eetgerei te vervang. Baie eetgerei is dan ook weer teruggevind waar dit in die vullisgeute in dameskoshuise gegooi is. As dit net in die gange gelos is, sou die skoonmakers dit weer teruggeneem het na die kombuise. As dit dus nie vir hierdie teruggevinde eetgerei was nie, sou die bedrag seker aansienlik hoër gewees het.

# Bespaar met koeponstelsel

**Dit is nie op hierdie stadium moontlik om studente van Klooster toe te laat om hulle middagetes in die sentrale eetsaal op die kampus te nuttig nie. Volgens mnr. Dirk Coetzee, hoof van koshuisadministrasie, veroorsaak dit te veel administratiewe probleme.**

Daar word tans ondersoek ingestel na 'n koeponstelsel, maar weens geweldige administrasie daaraan verbonde kon dit nog nie deurgevoer word nie.

Die eetsaalpersoneel leer later die studente in hulle eetsale ken en dus is dit maklik om beheer uit te oefen oor wie etes neem en wie nie. 'n Uittekenstelsel sal saamhang met die koeponstelsel. Daar sal dan presies bepaal kan word hoeveel studente vir 'n spesifieke etes gaan aansit en daar sal dan net vir die getal etes voorberei word. Geen kos word dan vermors nie. Die stelsel hou baie voordele in omdat die geld wat so bespaar kan word weer teruggeploeg kan word om die studente iets ekstra by elke ete te gee. Een van die dameskoshuise het verlede jaar geëksperimenteer met 'n uittekenstelsel en hulle het die voordele van die stelsel reeds benut deurdat hulle artikels soos byvoorbeeld joghurt by hulle ontbyt gekry het.

# Weermag koop Pukkies

**"Dienspligtiges het 'n behoefte aan eksterne vermaak." Dit is die woorde van kapt. Kriek van der Merwe tydens 'n besoek aan Heide.**

Heide het hulle Pukkies aan 3 SAI lugfanteriebataljon verkoop ná 'n versoek van die dienspligtiges. Mej. Christien Fourie, primaria van Heide, het die mening uitgespreek dat die kontak wat tussen 3 SAI lugfanteriebataljon en Heide opgebou is, sal bly voortbestaan.

Skakeling tussen Heide en die weermag dien as proeftydperk. Daarna sal skakeling met ander dameskoshuise volg.

# Tjorts

HY het homself die week wat nou verby is soos 'n dosent aangetrek en hom met die mense gemeng, en dit alles net om meer uit te kon vind van alles tussen 'n dekaan en 'n student.

Arme Tjorts, en dit het hy gedoen vir diegene wat nog steeds wonder hoe die hiërargie van 'n fakulteit inmekaar steek. Hy hoop hy kan die persone se onkunde hieromtrent uitbrei. Tjorts het die Departement Stillees en Skoonskrif geneem as voorbeeld.

Heel bo-aan kry ons die Dekaan:

Definisie: Die professor is 'n persoon wat baie weet van niks, en mettertyd meer en meer te wete kom van minder en minder, totdat hy prakties uiteindelik alles weet van niks.

Net onder die professor kry ons die lektore:

Definisie: Die lektor weet aan die ander kant baie min van heelwat en bly steeds minder en minder weet van heelwat en bly steeds minder weet van meer en meer totdat hy uiteindelik niks weet van alles.

Die junior lektor is die volgende in die hiërargie.

Definisie: Hierdie man weet aanvanklik alles van alles, maar uiteindelik weet hy niks van enigiets nie, regstreeks as gevolg van sy verbintenis met die professor en die lektore.

Heelonder en ten laaste (of ten laagste) kry ons die menere of te wel die Studente:

Definisie: 'n Student begin deur voor te gee dat hy alles weet van alles en op die ou end gee hy steeds voor dat hy alles weet van alles. Omdat hy verantwoordelik is vir alles en verantwoordelikheid aanvaar vir niks nie, is hy die oorsaak van hierdie verskriklike inrigting.

Tjorts.

# Eet nou vir môre

STUDENTE behoort meer begrip te hê vir die probleem wat daar bestaan rondom voedselvoorsiening. Die koshuisadministrasie het enkele syfers aan DIE WAPAD vrygestel. As elke student byvoorbeeld net een glas melk per dag meer wil hê dan beteken dit 'n bedrag van R15 000 vir honderd dae meer, indien 'n glas melk teen die prys van bietjie meer as vyf sent aangekoop word. Eiers word bereken teen vier sent per eier en om elke student elke dag net een eier meer te gee sal oor 'n jaar 'n ekstra bedrag van R31 000 beteken.

Die spyskaart is geprys en elke artikel word aangegee teenoor sy bedrag en daar moet dus so gewerk word dat daar binne die bedrag begroot gebly word.

Daar gaan as gevolg van die geweldige styging in voedselpryse — 10% van laasjaar November tot Januarie vanjaar — heelwaarskynlik 'n styging in koshuisgelde vir aanstaande jaar wees. Die PU was verlede jaar die enigste Universiteit wat nie sy losiesgelde vir 1980 verhoog het nie. 'n Styging blyk dus onvermydelik en tensy studente van hulle kant af nie hulle volle samewerking gee ten opsigte van besparing nie sal die verhoging baie hoër wees as waarvoor daar beplan word.

Mnr. Dirk Coetzee, hoof van koshuisadministrasie, is tans besig om koshuisvergaderings toe te spreek en van hulle kant af te hoor watter griewe hulle het en watter voorstelle hulle het vir die oplossing van die probleme. In die verlede het studente deur voorstelle van hulle kant af gehelp om baie probleme op te los wat vir jare lank bestaan het.

Huiskomitees kan dan ook van hulle kant af met mnr. Coetzee skakel indien hy nog nie by hulle koshuise was nie.



# Karnaval '80

*Wag-'n-Bietjie hou die jaar Karnaval saam met Uitspan en Liberalia. Om Valentyndag te vier is 'n vlugbal en vetkoek-aksie met Uitspan gehou en 'n kaas-en-wyn met Liberalia. Die dames het Liberalia op Valtentyndag met koffie en blomme in die bed verras. 'n Ontspanningskomitee is verantwoordelik vir verversings, 'n filmvertoning, vingerbord, braaivleis en pluimbal tydens Karnaval. Sleepaksies is sterk aan die ontwikkel tussen Wag-'n-Bietjie en Liberalia. Pukkies word te Rustenburg en op tuisdorpe verkoop. Deur deelname aan te moedig en 'n lekker gees te skep kan die koshuise dalk met die puntestand vir 'n verrassing sorg.*

*By die inwoners van Kulu en Heimat heers 'n goeie gees wat toegeskryf word aan positiewe deelname. 'n Televisie-opname is reeds gedoen en "benerige" dinge word deur Kulu beoog. 'n Ontspanningskomitee sal tydens die vlotbou verantwoordelik wees vir innerlike versterkings en 'n rolprent sal vertoon word. Pukkies word te Vereeniging en Klerksdorp verkoop.*



*Klooster en Kasteel is druk besig om 'n motor te was voor 'n winkelsentrum. Die karnavalset het dramaties geëindig ná die manne van Klooster 'n motordief 'gearresteer' het wat prof. Faan du Plessis se motor wou steel.*



*Die SSR verkeer gesellig tydens 'n fondue-aksie by Vergeet-my-nie.*

# Eerstejaarskonsert is geslaagd

**"Die eerstejaarskonsert was die jaar besonder geslaagd en kan dien as motivering vir die toekoms." Dit is die mening van mej. Ziets de Kok van kultuurraad.**

Die doel van die eerstejaarskonsert is om talente te ontgin wat andersins nie ontdek sou word nie.

Volgens mej. De Kok was die wenkoshuise se standaard verrassend waarop volgende jaar se eerstejaars kan voortbou.

Mej. De Kok sê die idee is dat 'n huiskomiteelid aangewys word wat verantwoordelik is vir karnaval. Die huiskomiteelid moet iemand aanstel om die eerstejaars af te rig. In sommige koshuise het dit chaoties gegaan omdat die huiskomiteelid self die eerstejaars afgerig het en hulle nie daartoe bymagte was nie.

Die uitslag van die manskoshuise is Hombré, Dawie-Du Plessis, Amajuba, Klooster, Caput, Villagers en Drakenstein. Die uitslag van die dameskoshuise is Vergeet-my-nie, Karlien, Dinki, Wag-'n-Bietjie, Klawerhof, Oosterhof, Wanda, Heide, Kasteel en Kulu.

Daar word beoog om die eerstejaarskonsert in die toekoms 'n prestige geleentheid te maak met meer toekennings.



*Retha Grobler (eerstejaar) van Vergeet-my-nie ontvang die beker vir hulle eerste plek in die eerstejaarskonsert.*



*"Hef" 'n wors! Mejj. Jeanne Botha, Marietjie de Ridder en Elbie Henning maak 'n byt aan Uitspan se wors tydens 'n aksie tussen Wag-'n-Bietjie en Uitspan.*



*'n Huiskomiteelid van Hombré ontvang die beker vir hulle eerste plek met die eerstejaarskonsert.*



*Storttyd vir mej. Marietjie de Ridder tydens 'n aksie tussen Wag-'n-Bietjie en Uitspan.*

# Klagtes oor huurhuise ongegrond

**KLAGTES oor studente wat huise huur is ongegrond.**

Die Universiteit het verlede jaar geen ernstige probleme in hierdie verband ondervind nie. Alhoewel die Universiteit verkies dat studente eerder in die koshuise moet inwoon, kan hulle egter vir niemand voorskryf waar om te bly nie.

Klagtes dat studente wat huise huur baie onbetrokke is by die koshuisaktiwiteite, is ontvang. Volgens Prof. Du Plessis, vise-rektor van die Universiteit, is dit die huiskomitees se verantwoordelikheid om hierdie studente to betrokkenheid te motiveer.

Die Universiteit onderskryf ten volle die regulasies van die munisipaliteit vir huise van hierdie aard. 'n Belangrike bepaling is dat 'n verantwoordelike getroude paar inwonend moet wees by studente wat huise huur. Die Universiteit wil ook deur middel van die huisvader verseker dat studente onder gunstige omstandighede woon.

Indien dit mag blyk dat daar by sulke huise probleme mag wees wat die naam van die Universiteit in gedrang bring, sal die Universiteit ernstig aandag aan die geleentheid skenk.



*Wag-'n-Bietjie en Liberalia lig 'n glasie Valentyn-wyn tydens 'n kaas-en-wyn.*



*Uitspan se musiekhoekie vir "verlangende" dames het tydens die aksie tussen Wag-'n-Bietjie en Uitspan musiek verskaf.*

tandem

# Kontaklense is gerieflik

**DIE MODERNE wetenskap het in die onlangse jare ook vir brildraers regoor die wêreld gemak gebring met die bemarking van kontaklense.**

Die relatiewe jong mark gaan met rasse skrede vooruit soos verbeterings voortdurend na vore kom en die koop van kontaklense nie meer so 'n onmoontlike duur saak lyk nie. Soos ontwikkelings aangaan word die bemarking en vervaardiging daarvan goedkoper.

In ongeveer vyf jaar het harde kontaklense begin plek maak vir sagte lense en selfs die sagte lense word al hoe dunner en kan al vir veel langer periodes as net agtien uur per dag ingehou word. Ook die versorging daarvan word makliker soos chemiese skoonmaakmiddels geleidelik die plek van stoomsteriliseer masjientjies inneem. Vooruitgang op die gebied is werklik fenominaal en 'n jaarlikse besoek aan 'n oogarts lewer telkens nuwe verrassings op.

Kontaklense, en veral die sagte soort, is veel meer as net 'n mode-nuutjie. Omdat die lens styf teen die kornea pas kan feitlik geen onsuiwerhede die delikate pupil van die oog binnedring nie. Sagte lense kan nie krap nie en hou, met sorg, vir ongeveer drie jaar. Dit is ook 'n uitkoms vir die sportman omdat dit die ongerief van 'n bril uitgeskakel en die sagte lense ook glad nie uit die oog kan spring nie. Verder beskerm dit die oog teen stofdeeltjies of ander onsuiwerhede wat in die buitelug voorkom.

Wanneer mens per motor of trein reis is daar soms twyfel oor hoe om die lense te versorg. Dit is gewoonlik die beste om steeds 'n bril byderhand te hê en dan die lense uit te haal indien die oë moeg word. Hanteer te alle tye die lense met silwerskoon hande en met 'n handdoek op die skoot nadat mens kan sien indien daar 'n lens val.

Op kampe, by die swembad of in 'n boot moet mens ekstra versigtig wees. Moet nooit die kans vat om met lense te swem nie, want al sit mens nie jou kop onder die water nie, kan enige water wat opspat die lens uit die oog spoel. Indien jy in die water gestamp word, hou die oë styf toe totdat jy weer bo is.

Kontaklense is die beste vir mense wie se oë reeds gestabiliseer het. Met sorg kan jy die langste lewe uit die lense haal en die maksimum voordeel uit hulle trek.

## Uitstel vir dienspligtiges

**Daar bestaan tans onduidelikheid oor die Weermag se beleid oor die uitstel van militêre diensplig, aangesien hulle onlangs hulle voorskrifte aangepas het.**

Volgens kol. Pieter van der Walt, skakelbestuurder van weermagsake van die PU, kom dit basies op die volgende neer:

- Persone wat eers wil gaan studeer kry op 'n jaarlikse grondslag uitstel vir studie volgens die vereiste van sy studierigting, byvoorbeeld voorgraadse diploma, graad of graad plus nagraadse diploma.
- Ná voltooiing van die basiese studiekursus is daar ook vergunning aan studente om 'n honneursgraad te behaal.
- 'n Verdere toegewing is op 14 November 1979 deur die Vrystellingsraad bekend gemaak. Studente met 'n goeie akademiese rekord mag nou ook vir 'n meestersgraad inskryf met die verstandhouding dat dit op dieselfde vakgebied as die voorafgaande honneursgraad moet wees. Uitstel vir Magisterstudies sal hoogstens twee jaar beloop.
- *Dit is belangrik om te onthou dat sodanige studente reeds in die jaar wat hulle Meesterstudies voorafgaan hulle voorneme aan die Vrystellingsraad bekend maak.*
- Uitstel sal ook aan HOD-studente verleen word om sodanige nagraadse kwalifikasies te verkry.
- Al hierdie vergunnings kan slegs gemaak word aan studente met 'n goeie akademiese rekord.

Die prosedure vir aansoeke word nou vergemaklik in dié opsig dat alle voornemende studente hulle aansoeke deur die skakelbestuurder vir weermagsake kan kanaliseer. Persone wat uitstel verlang, word uitgenooi om hulle aansoeke aan kol. Van der Walt te gaan voorlê. Dit word aanbeveel eerder as dat die student self sy aansoek aan die Vrystellingsraad stuur.

Kol. Van der Walt nooi alle mansstudente vriendelik uit om alle probleme in verband met die Weermag met hom te kom bespreek. Hy is daagliks beskikbaar in kamer 3 in die Hoofgebou.

**Oulike koppies vir sleeptyd**



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop

TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033




## Kliniek gestig

**'n Dieetkundige kliniek is deur dieetkundiges van die Departement Huishoud- en Dieetkunde gestig. Hulle is Mevv. C.S. Venter, H.S. Kruger en Mej. G.J. Gericke.**

Belangstellendes kan gedurende 1980 elke Woensdag tussen 14h30 en 16h00 in kantoor drie van die Huishoudkundegebou aanmeld.

Die inskrywingsfooi vir die dienste beloop R1 vir studente en skoliere en R5 vir die publiek en PU-personeel. 'n Afspraak kan by bg. dosente gemaak word.

Almal met dieetkundige probleme is baie welkom.

**guys & dolls**

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!

Die uwe,

GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.

## NOSA kursus vir studente


**'N KURSUS in bedryfsveiligheid is deur Mnr. Henri Heyns van NOSA aangebied. Die kursus is vanaf 11 tot 15 Februarie by die PU aangebied.**

Die kursus behels o.a. waarom ongelukke in die bedryf ontstaan en hoe dit voorkom kan word en brandbestryding en -voorkoming. Verder is films vertoon om dit toe te lig.

NOSA is 'n nasionale organisasie vir bedryfsveiligheid wat toesien dat veiligheid in die bedryf aandag geniet en ook kursusse aanbied aan studente wat later in die bedryf werksaam sal wees. Studente wat die kursus bygewoon het, is ingenieurstudente, bedryfsen personeel sielkunde, en verpleegkunde studente.

Studente wat die eksamen slaag, ontvang 'n diploma wat deur die nywerheid vereis word.

Hedgehog





Binnemuurse hokkie word elke Dinsdag- en Donderdagaand in die Grootsaal gespeel.

# Meubelwinkel borg hokkie

**OP Donderdagaand 21 Februarie 1980 het die eerste binnemuurse koshuishokkieligas plaasgevind. Die hele reeks ligawedstryde word deur Ultra Meubels geborg en dit staan dan ook bekend as die Ultra Meubels-koshuisliga.**

In die eerste wedstryd het Dorp met 'n telling van 10 - 4 met Skuur afgereken. Die wedstryd was vol spanning en die twee spanne het gewys dat hul al die fynere tegnieke van binnemuurse hokkie baasgeraak het.

In die volgende wedstryd het Drakenstein met 6 doele teenoor Overs se 4 doele uit die stryd getree. Die feit dat daar geen onkantspel in die binnemuurse hokkie bestaan nie, maak van die spel 'n baie vinnige sportsoort en verg taktvolle spel van die spelers.

Daar sal voortaan elke Dinsdag- en Donderdagaand om 20h45 binnemuurse hokkiewedstryde in die Grootsaal gespeel word. Op Dinsdagaande sal daar drie dames- en twee manswedstryde gespeel word, en op Donderdagaande twee dames- en drie manswedstryde.

Op Donderdagaand 6 Maart 1980 sal twee mansspanne van die PU vir CHO teen Vaal Reefs speel. Daar sal 'n wedstryd vir die PU-dames ook wees, hul opponente is nog onbekend.

Toeskouers is ten alle tye welkom om na die Ultra Meubels-binneshuisehokkie te kom kyk en hul spanne aan te moedig. Die spel verskil nogal baie van gewone veldhokkie in die sin dat daar nie onkantspel is nie, daar is ook geen kans dat die bal langs die kant kan uitgaan nie, aangesien die bal net teen 'n plank gesnoeker word. Die spel is vinniger en vereis meer konsentrasie van die spelers.

## KORTSPORT

### VELDHOKKIE:

Die eerstejaarspanne vir die dameshokkie het verlede week geslaagd afgeloop. Alhoewel baie dames nie opgedaag het nie, lyk die nuwelinge baie goed en kan daar vanjaar sterk spanne ingeskryf word. Heelwat speelsters wat vir skole se provinsiale spanne gespeel het, het opgedaag.

### KANOVAART:

Die kanoklub beleef vanjaar 'n groot oplewing wat die ledegetalle betref. Daar word beoog om koshuisliga's vir beide die dames- en mansroeiers dié jaar te reël. Alle belangstellendes kan Koos Blumerus in Caput skakel.

### TOUTREK EN JUKSKEI:

Enige student wat nog belangstel in jukskei ('n nuwe klub is gestig) kan George Moorcroft in die Studentesentrum skakel. André Coetzee in Kasteel hanteer al die toutrek-belangstellendes

### MUURBAL:

Alle muurbalspelers/-speelsters se aandag word daarop gevestig dat hul vanaf 1 Maart 1980 slegs met nuwe lidmaatskapskaartjies toegang tot die bane sal verkry. Nuwe lidmaatskapskaartjies kan by Inligting verkry word teen R10,00 per persoon. Twee paspoortfoto's moet dan ook beskikbaar wees.

## Prestasie

**ANDRÉ MARKGRAAFF, tans verbonde aan die PU vir CHO se Sportburo as sportbeampte, is gekies vir die Suid-Afrikaanse Barbarianspan wat op 29 Maart 1980 in Bloemfontein teen die Suid-Afrikaanse oud-Studente kragte sal meet.**

## Nuwelinge in rugby

Ander nuwelinge op die rugbyveld waarvan die Sportburo kennis dra, is die volgende persone:

Boland Pienaar: Noord-Transvaal skolespan, Tuks o/20 A, Cravenweek, heelagter en vleuel.
Christiaan Bekker: Noord-Transvaal skolespan, Tuks o/19A, losskakel.
Don Berry: Stellaland Cravenweek, Losvoorspeler.
Allen Kollesky: Transvaal seniorspan, vleuel.
Percy Harris: Suidoos-Transvaal Cravenweek.
Peet van der Walt: Griekwas Cravenweek, slot.



*Nuwe gesigte op die PU-rugbyveld. V.l.n.r.: Johan Wenzel — Verre-Noord, Cravenweek, skrumskakel. André Markgraaff — Wes-Transvaal, slot, Sportbeampte. Arno Wessels — Noord-Vrystaat, Cravenweek, vleuel. Wessel van der Merwe — Wes-Transvaal seniorspan, heelagter. Tjaart Marais — Wes-Transvaal Cravenweekkaptein, losskakel, Wes-Transvaal krieket. Johan Nelson — Stellaland Cravenweek, losvoorspeler. Dirk de Vos — Adjunk-Direkteur, Sportorganisasie en afrigter. André Nel — Suidoos-Transvaal, Cravenweek, senter/vleuel. george Moorcroft — S.W.A. kaptein, S.A. Platteland, Sportbeampte, Gert Smal — Noord-Vrystaat Cravenweekkaptein. slot. Innus van Rooyen — Oos-Vrystaat Cravenweek, vleuel, SA naelloopkampioen (jnr.)*




# Baie welkom

*BAIE hartlik welkom terug by die PU vir CHO aan alle seniors en veral aan die eerstejaars. Die Sportraad hoop julle het almal 'n heerlike vakansie gehad. Aan ons manne wat grensdiens verrig het, dankie, ons is bly julle is almal terug.*

*Eerstejaars, julle is nou nie meer dore en drake nie, maar Pukke. Wees altyd 'n Puk, wees ten alle tye lojaal teenoor die PU vir CHO, ook op die gebied van sport.*

*Lojaliteit teenoor ons koshuise is belangrik, maar lojaliteit teenoor ons Universiteit is belangriker. Dit help nie ons koshuise wen die Intervarsities en die PUK verloor nie. Moenie vir jou koshuis deelneem ten koste van die PU vir CHO nie. Moenie moed verloor as jy nie dadelik 'n PU-eerstespan haal nie, aanhouer wen.*

*Daar is 'n tendens om eerder vir die koshuise as vir die Universiteit deel te neem. Die redes wat gewoonlik aangevoer word is van die kinderagtige soort van "in wees" by die keurders en "in wees" by die topspelers.*

*Wees volwasse, ondersoek die saak, kyk of die persone wat so-iets beweer nie dalk aan 'n kompleks ly nie. Kyk of hy nie dalk moed verloor het nie, en liewer vir sy koshuis deelneem omdat die kompetisie daar nie so straf is nie, omdat hy nie elke oefening van die PU-spanne wil bywoon nie. Hy het dalk gedink 'n mens word 'n topsportman as jy net twee keer 'n week oefen.*

*Dink vir jouself en moet nie toelaat dat ander vir jou dink nie, ondersoek self en moenie laat ander vir jou besluit nie. Dán sal jy 'n PU-sportman word, 'n staatmaker wees en altyd 'n lojale PU-student.*

*Alle sukses vir 1980 op die akademiese sowel as op die sportgebied. laat ons voortbou op ons prestasies waar ons verlede jaar opgehou het. RAU-intervarsity is om die draai en Kovsies is nie te ver op die horison nie.*

*Sportgroete.*
*Pieter Groenewald. (Voorsitter: PU-Sportraad.)*






## Chubby Chick — Atletiek



*OP die foto oorhandig mnr. Johan Fourie, eienaar van Fourie se pluimveeplaas, 'n tjek ten bedrae van R4 000 aan prof. J. Claassen, die Uitvoerende Voorsitter van die Sportburo. Die borgskap van "Chubby Chick" het al die onkostes van die uitnodigings-atletiekbyeenkoms gehou op Woensdagaand 27 Februarie 1980, gedra.*

# PU-krieket reken met Weermag I af

IN die wedstryd wat oor die afgelope twee weke beslis is, het die Weermag se eerste span, wat eerste gekolf het, almal van die veld gestap met hul telling op 134.

Die PU-eerstespan wat tydens hul kolfbeurt op 'n papnat kolfblad moes speel, het 164 lopies behaal voor hul almal uitgehaal is. Die PU vir CHO wen dus die eerste beurt. Die tyd was te min vir 'n regstreekse oorwinning.

Piet de Haas het vyf paaltjies vir 40 lopies geneem en André Markgraaff het die meeste lopies vir die PU-span behaal (50).

# *Sport werf Pukke*

**TYDENS 'n Sportraadvergadering gehou op 11 Februarie 1980 het prof. Johan Claassen, Uitvoerende Voorsitter van die Sportburo, die volgende in verband met die sportjaar 1980 gesê:**

Prof. Claassen het dit duidelik gestel dat sport aan enige universiteit, in die hedendaagse lewe, eerder 'n werwingsagent as bloot net 'n vorm van tydverdryf is. Hy het ook gesê dat daar deesdae 'n duidelike onderskeid tussen massasport en prestasiesport getref word en getref moet word.

Volgens Prof. Claassen sal sportspanne aan die PU vir CHO voortaan geëvalueer word aan kriteria wat slegs op 'n kompeterende vlak aanvaar word. Alle sportsoorte sal dus nie in die toekoms voor die voet aan toernooie en meer spesifiek aan SAU-toernooie deelneem nie. Die spanne sal eers streng gekeur word op grond van hul reeds behaalde prestasies, die gehalte van hul prestasies en hul moontlikhede om as 'n werwingsagent op te tree eerder as net vir die ontspanning van die sportsoort.

Prof. Claassen het dit ook laat blyk dat die Sportburo van nou af net na die sportsoorte gaan kyk wat na hulself kyk. Entoesiasme en vooruitgang is dus die wagwoorde vir die sportjaar 1980.

Die nuwe maatreëls is volgens Prof. Claassen aangebring omdat dit in belang van PU-sport is en dan meer spesifiek om alle sportsoorte aan die PU vir CHO op te hef.

# Karatespan van PU kry Wes-Transvaal

DIE volgende vier studente aan die PU vir CHO het onlangs die Wes-Transvaal span in Goju Ryu Karate behaal: Dirk Badenhorst (Caput); Magda Holtzhausen (Karlien); Bennie Botha (Oppikant); Pieter Pretorius (Caput). Die Suid-Afrikaanse kampioenskappe vind op 29 Februarie 1980 en 1 Maart 1980 plaas.

Die eerste koshuisligas in karate het op Vrydagaand 22 Februarie 1980 in die Amfiteater plaasgevind. Volledige uitslae daarvan is nog nie beskikbaar nie.



*Op die foto het prof. Johan Claassen, Uitvoerende Voorsitter van die Sportburo, 'n atletiekbeurs van R1 250 van mnr. Swainston Adamson, eienaar van Snyman se drankwinkel, ontvang. Dié beurs word vir drie jaar deur mnr. Adamson aangebied aan 'n PU-atleet. Die atleet moet nog deur die Sportburo aangewys word. Persone wat op die foto verskyn is v.l.n.r.: mnr. Christo Snyman (atletiekafrigter); mnr. Jos Sirakis (atletiekafrigter); mnr. Swainston Adamson; Dawie Malan en prof. Johan Claassen.*

# Eindrugby treffer van Karnaval

**OP Maandag 25 Februarie 1980 het die Admiral-Wolnit Koshuisuitklopkompetisie in rugby begin. Die wedstryde is net 'n aanloop tot die groot finale wedstryd wat tydens Karnaval gespeel sal word. Die wedstrydbepalinge vir die uitklomkompetisie gaan sorg vir aanskoulike rugbywedstryde en studente word gevra om hule gunstelingspanne van Maandag af alreeds te gaan aanmoedig. Die wenspan sal 'n wisseltrofee ontvang.**

Maandag 25 Februarie 1980: Fanie du Toit B-veld. 16h15 — 17h15 Hombré vs Drakenstein.
17h15 — 18h15 Caput vs Amajuba.
Fanie du Toit C-veld: 16h15 — 17h15 Overs vs Klooster.
17h15 — 18h15 Dawie Dup vs Villagers.
Woensdag 27 Februarie 1980: Fanie du Toit B-veld. Opponente vir die tweede rondte sal deur middel van lootjies bepaal word.
16h15 — 17h15 Tweede rondte semi-finaal.
17h15 — 18h15 Tweede rondte semi-finaal.
Vrydag 7 Maart 1980: Fanie du Toit A-veld:
10h00 — 11h15 Finaal vir naaswenners.
11h13 — 12h30 Finaal.

Nuwe bepalinge wat slegs vir die uitklopkompetisie gaan geld is soos volg:
Enige skop pale toe tel slegs een punt.
Vir vuil- of ontoelaatbare spel word 'n strafskop, wat drie punte tel, op die 22m lyn, regoor die pale gegee.
Die skeidsregter se beslissings is finaal.

# *Bestuurskursus vir sportklub*

**OP 13 en 14 Februarie 1980 is 'n bestuurskursus, in samewerking met die Sportburo, aangebied vir alle bestuurslede van elke sportklub.**

Die kursus is op Woensdagaand deur Prof. Tjaart van der Walt op 'n treffende wyse geopen. Prof. Johan Claassen het daarna oor die doel van die kursus en die taak van die Sportburo gesels. Volgens prof. Claassen was die doel van die kursus om leiding te verskaf ten opsigte van kluborganisasie sodat doelgerigtheid, entoesiasme en inisiatief gehandhaaf kan word. Prof. Claassen het ook die interessante opmerking gemaak dat dit wel so is dat enige sportprestasies vandag meer reklamewaarde het (veral in koerante) as enige akademiese prestasie. Hierdie verskynsel moet deur die Universiteit uitgebuit word om as werwingsagent te tel. Die gesonde balans tussen akademie en sportbeoefening is egter nog noodsaaklik.

Prof. Claassen stel die taak van die Sportburo soos volg: Daar bestaan 'n multidimensionele verhouding tussen die Sportburo en die PU-studente. Vertroue en lojaliteit moet wedersyds voorkom en albei die liggame moet een gemeenskaplike doel nastreef — dit is om die naam van die PU vir CHO hoog te hou en ver uit te dra. Die Sportburo sal as die gesagsliggaam optree om inisiatief te stimuleer, want aan dié Universiteit is presteerders sowel as gewone sportlui broodnodig.

Ná Prof. Claassen het dr. Pieter Mulder sy bydrae tot die bestuurskursus gelewer en wel op die vlak van bestuursfunksionering en vergaderprosedure. Baie kennis is in die kort tydjie verkry uit dr. Mulder se aangename lesing. Die kursus is deur Frikkie van Niekerk verdaag en is Donderdagaand om 19h00 hervat toe Pieter Groenewald (Sportraadvoorsitter) oor die funksies van die Sportraad gepraat het.

Nico Breed (Koshuissportraadvoorsitter) het daarna 'n geleentheid gekry om uit te wy oor die funksies van die koshuissportraad. Mnr. Piet Brand (Administratiewe Sportbeampte) het 'n kort lesing gegee oor die administratiewe en sekretariële eise vir optimale funksionering van 'n klubbestuurder en sy verhouding tot die Sportburo.